Hoërskool Oos-Moot
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601 Faks: (012) 332 2457
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za

Maart 2021

Beste Matrieks

MATRIEKAFSKEID 2021

Ons skop hierdie jaar sommer vroeg af met inligting ten opsigte van hierdie spesiale geleentheid (onderhewig aan COVID-19 regulasies).

Datum	:	24 September 2021
Plek	:	Colloseum Reale
Amptelike funksie begin	:	18:00 tot 23:00 (Aankomstye sal deurgegee word.)

Koste en betaling

Betaling	**Oosies**	**Buite-persoon**
Eenmalige betaling	R600 voor 12 Junie	R730 voor 12 Junie
Paaiemente	R200 voor 3 April	R250 voor 3 April
	R200 voor 4 Mei	R250 voor 4 Mei
	R200 voor 4 Junie	R230 voor 4 Junie

- Gelde word by die voogonderwysers inbetaal met die verwysing: Matriekafskeid.
- Leerders moet hul kwitansies hou. Dit word saam met die bespreking van hul tafelplasing by hul tafelplasingsvorm aangeheg en by me J Nel (T10) ingehandig.

Metgeselle

Matrikulante word toegelaat om na goeddunke ’n buite-persoon saam te nooi indien hulle nie ’n mede-matrikulant in Hoërskool Oos-Moot wil vra nie.

Die voorwaardes vir buite-persone as metgesel, is soos volg:

- Metgeselle mag nie ouer as 21 jaar wees nie.
- Metgeselle van Oos-Moot of ’n ander skool mag nie in ’n laer graad as Graad 10 wees nie.
- Indien ’n leerder van ’n ander skool gevra word, moet ’n bevestigingsbrief deur die seun/dogter se skool verskaf word en die brief deur die betrokke skool se Hoof geteken wees.
- Buite-persone moet hulle aan ons reëls onderwerp.
- Geen rook of drank word toegelaat nie (die persoon word dus as ’n leerder van ons skool gesien).
- Buite-persone sal deur ’n keuringsproses gaan (me L de Bruin). Aansoekvorms vir dié doel is by die voogonderwyser beskikbaar.
- Videobestellings by me C Pinto (K71)

Tafelplasings

Elke tafel het 20 stoele en kan dus 10 paartjies akkommodeer. Leerders wat saam met vriende by ’n spesifieke tafel geplaas wil word, moet vroegtydig betaal anders word hul aan enige tafel geplaas. Tafelbesprekings kan voltooi word wanneer alle gelde betaal is. Tafelbesprekings open 8 Julie.

Aankoms van leerders by die matriekafskeid

- Die verkeersvloei tydens die leerders se aankoms by die venue, is gewoonlik ’n groot probleem. Hul ontvang dus ’n tydskedule waarvolgens hul arriveer.
- Voertuie beweeg deur die venue se perseel. **Let wel:** Geen groot voertuie (bv. busse, brandweerwaens, ens.) of diere (bv. perde, ens.) sal toegelaat word nie. Indien daar onduidelikheid is oor ’n voertuig se geskiktheid kan me T Jordaan (k18) gekontak word.
- Let asseblief daarop dat indien ou motors vir aankoms gebruik word, hul moontlik kan oorverhit wanneer daar gewag word vir toegang tot die venue.
- Fotograaf beskikbaar by Colloseum Reale. Bring kontant.

Ouers, familie en vriende sit binne die venue op pawiljoene.

Navrae kan gerig word aan me T Jordaan by jordaant@oos-moot.co.za

Oos-Moot groete

TN KOTZÉ
HOOF

T JORDAAN
ORGANISEERDER